



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2016

**SOSIALE WETENSKAPPE
GEOGRAFIE
MEMORANDUM**

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 5 bladsye.

VRAAG 1: KAARTWERK**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 A 34°S: 'n breedtegraad verwysing. (1 x 2) (2)
 1.1.2 D riviervallei. (1 x 2) (2)
 1.1.3 A 126 m. (1 x 2) (2)
 1.1.4 C Gholfbaan (1 x 2) (2)
 1.1.5 D kronkelende kanaalpatroon. (1 x 2) (2)
 1.1.6 A afsetting van sedimente in die rivierkanaal. (1 x 2) (2)

1.2 KAARTWERKTEGNIEKE EN BEREKENINGE

- 1.2.1 Noordoostelike rigting √√ (1 x 2) (2)
 1.2.2 56° √√ (1 x 2) (2)

- 1.2.3

Metode 1: $\frac{4,7 \text{ cm} \sqrt{x} \times 50\,000 \sqrt{x}}{100\,000 \sqrt{x}}$ = 2,35 km √
--

OF

Metode 2: 4,7 cm ÷ 2 √√ = 2,35 km √√

 (4)

1.3 TOEPASSING VAN TEORIE/KAART EN FOTO-INTERPRETASIE

- 1.3.1 A Een voordeel: Skoon energie, √√ die uitlaat van minder kweekhuysgasse, √√ verminder afhanklikheid van steenkoolgedrewe kragstasies, √√ maak voorsiening vir plaaslike kragopwekking √√ (Enige 1 logiese keuse). (Enige 1 x 2) (2)
 B Een nadeel: Lawaai van draaiende turbines, √√ neem spasie op, √√ kan die dood van vlieënde voëls en vlermuise veroorsaak, √√ lyk lelik, belemmer die uitsig √√ (Enige 1 logiese keuse) (1 x 2) (2)
- 1.3.2 (a) Lae-inkomste behuising √ (1)
 (b) Eiendomme is klein, √√ huise is klein, √√ huise is naby mekaar gebou. √√ (Enige 1 logiese keuse) (Enige 1 x 2) (2)
- 1.3.3 Goeie infrastruktuur (paaie, spoorweë), √√ windpompe en vore/slote vir watervoorsiening, √√ windskerm om velde/lande/boorde te beskerm teen heersende winde, die verdeling van bewerkte lande in kampe, plase het name. √√ (Enige 2 logiese keuses) (Enige 2 x 2) (4)
- 1.3.4 Beskerming van fauna en flora (biodiversiteit), √√ waterfiltrering, √√ absorbeer vloedwater, √√ ontspanningsdoeleindes. √√ (Enige 2 logiese keuses) (Enige 2 x 2) (4)

[35]

VRAAG 2: OPPERVLAKKRAGTE WAT DIE AARDE VORM EN ONTWIKKELINGSKWESSIES

2.1 VERWERINGSPROSESSE

- 2.1.1 Afskilfering of Ontblaring ✓ (1)
 2.1.2 Attrisie ✓ (1)
 2.1.3 Hidrolise aksie/Waterverwering ✓ (1)
 2.1.4 Deflasie holtes ✓ (1)
 2.1.5 Abrasie ✓ (1)

2.2 VERSKYNSELS VAN EROSIE

- 2.2.1 A Boogrots ✓ (1)
 B Kronkelmeer ✓ (1)
 C Sekelduin ✓ (1)
 D Kaargletser ✓ (1)
 E Branderplatform ✓ (1)
- 2.2.2 A Golfaksie langs die kusstreek. ✓ (1)
 B Rivieraksie of oppervlak afloop ✓ (1)
 C Windaksie ✓ (1)
 D Bewegende gletserbeweging ✓ (1)
 E Golfaksie/branderaksie langs die kus ✓ (1)

2.3 GRONDEROSIE

- 2.3.1 Verwydering van grond ✓ deur kragte soos erosie soos lopende water en wind. ✓ (2)
- 2.3.2 Landbouproduksie neem af, ✓ die hoeveelheid daaglikse maaltye neem af ✓ en die kwantiteit van die voedsel per maaltyd neem af. ✓
 (Enige 1 verduideliking uit die teks) (Enige 1 x 1) (1)
- 2.3.3 Oorbeweidings, ✓✓ oorbewerking, ✓✓ ontbossing, ploeg deur die kontoerlyne, ✓✓ oorgebruik van insekdoders en onkruidodders. ✓✓
 (Enige 2 logiese keuses) (Enige 2 x 2) (4)
- 2.3.4 A **Om gronderosie te beperk**
 Om bewerking van grond te beperk, ✓✓ wisselbou, ✓✓ vee-rotasie, ✓✓ herbebossing, ✓✓ parallelle bewerking aan die kontoerlyne om afloop te beperk, ✓✓ aanbring van erosiewerende mure ✓✓, gebruik van bome as windskerms. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- B **Om produksie te verhoog**
 Om saadvariëteite geneties te manipuleer, ✓✓ kweekhuise en plastiektonnels, ✓✓ permakultuur en hidroponika, ✓✓ die gebruik van gevaarlike middels om plae te stuit, ✓✓ opvoeding van boere, ✓✓ om 'n verskeidenheid plantspesies te gebruik, ✓✓ reëntenks, drupbesproeiing, ✓✓ die gebruik van gepaste tegnologie wat deur die mense verstaan en gebruik kan word.
 (Enige 2 logiese keuses om kleinskaalse bewerking te verbeter)
 (Enige 2 x 2) (4)

2.4 ONREGVERDIGE HANDEL EN HULPVERLENING

- 2.4.1 Minder Ekonomies Ontwikkelde Lande (LEDC) of ontwikkelende lande. ✓ (Moenie 'arm' lande aanvaar nie) (1)
- 2.4.2 Meer Ekonomiese Ontwikkelde Lande (MEDC) of ontwikkelde lande. ✓ (Moenie 'ryk' lande aanvaar nie) (1)
- 2.4.3 Die boomstam is verwerk in planke wat nou makliker is om te gebruik en wat meer waardevol is. ✓✓ (1 x 2) (2)
- 2.4.4 Die arm man voorsien die hulpbron ✓. Wanneer die hulpbron verwerk is, moet die arm man dit by die ryk man teen 'n hoër koste terugkoop. ✓ Omdat die arm man nie die hoenderhok kon bekostig nie, het die ryk man hom gehelp deur vir hom 'n lening aan te bied. Die arm man word dan rente gevra en is in skuld. ✓ Die ryk man het dan die monopolie/alleenreg op die hulpbron wat hy kan koop teen 'n vasgestelde prys. ✓ Die arm man het geen keuse anders as om handel te dryf met die ryk man nie weens sy skuld. ✓ (Enige logiese keuse vanuit die teks) (Enige 1 x 2) (2)
- 2.4.5 Regverdige handel: Om meer gelyke verhoudinge tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande te bewerkstellig:
 Om geleentheid vir ekonomies agtergeblewe vervaardigers te skep, ✓ om regverdige handel aan almal beskikbaar te stel. ✓ Om bestuursvaardighede te verbeter en bemarkingsgeleentheid vir die vervaardigers te skep, ✓ om 'n regverdige prys vir hulpbronne te betaal, ✓ volhoubare praktyke en verantwoordelike metodes van produksie. ✓ (Enige 2 twee logiese keuses) (Enige 2 x 2) (4)

[40]

VRAAG 3: VOLHOUBARE GEBRUIK VAN NATUURLIKE HULPBRONNE

3.1 VOLHOUBARE TEENOR ONVOLHOUBARE LYNVISSERYPRAKTYKE IN SUID-AFRIKA

- 3.1.1 **Onvolhoubare visvang** (konsep): onverantwoordelike visvang, ✓ om nie die hoeveelheid en groter van die tipe vis wat gevang word te beperk nie, ✓ om nie toekomstige visvoorraad te bewaar nie. ✓ (Enige 2 x 1) (2)
- 3.1.2 Deur verbruikers in te lig ✓ deur verskillende kleure te gebruik ✓ vir visspesies wat volop is en geëet kan word (groen kleur). Die kwesbare spesies (oranje) en die bedreigde spesies (rooi) behoort nie geëet te word nie. ✓ Dit help die verbruiker om verantwoordelike keuses ✓ te maak wanneer hy vis koop. (Enige 3 verduidelikings) (Enige 3 x 1) (3)

- 3.1.3 A Oorbevissing/oorvisvang √√ (Enige 1 x 2) (2)
- B Grootskaalse kommersiële visvangstes √√ Gebruik van onwettige visvangmetodes, bv. die gebruik van sleepnette √√ (Enige logiese keuse) (Enige 1 x 2) (2)
- 3.1.4 Beperk die hoeveelheid bote en hul vangskapasiteit/vermoë, √√ beperk die vangs van sekere spesies in 'n area, √√ monitor areas waar daar vis gevang mag word, oortreders word beboet, √√ Marine beskermings-gebiede (MPA's) om visse te laat teel, √√ net sekere groottes word toegelaat, √√ grootte van die net moet voorsiening maak dat onvolwasse visse kan ontsnap. √√ (Enige 2 logiese keuses) (Enige 2 x 2) (4)

3.2 KWEEKHUISUITLAATGASSE UIT ELEKTRISITEITSOPWEKKING

- 3.2.1 Kweekhuisgasse: gasse in die atmosfeer wat die hitte van die aarde absorbeer √ en in die Aarde se atmosfeer behou. √ (2 x 1) (2)

EN/OF

Aardverwarming: 'n Vermeerdering in kweekhuisgasse √ veroorsaak 'n styging in atmosferiese temperatuur. (2 x 1) (2)

EN/OF

Klimaatsverandering: Aardverwarming veroorsaak dat langtermyn 'n verandering in normale weerpatrone √ wat klimaatsverandering veroorsaak. √ (2 x 1) (2)

EN/OF

Koolstofvoetspoor: die hoeveelheid vrygestelde koolstof waarvoor elke persoon, √ afhangend van hul leefstyl, verantwoordelik is. √ (2 x 1) (2)

Maks. (Enige 2 x 2) (4)

- 3.2.2 A Steenkoolkragstasies √ (1)
- B Kernkrag √ (1)
- C Kernkrag √√ (1 x 2) (2)

- 3.2.3 Koolstofbelasting: boete vir besighede as straf vir die vrystelling van koolstofvrystellings √√, die gebruik van lae-koolstoftegnologie wat minder koolstof vrystel, √√ LED en fluoorligte, lig mense in oor die intelligente/wyse gebruik van elektrisiteit, √√ implementeer 'n sonkrag-watergeyserprogram, skakel elektriese toestelle by die muurprop af as dit nie gebruik word nie. (Enige 2 logiese keuses) (Enige 2 x 2) (4)

[25]

TOTAAL: 100